Referaat gelewer by die 8ste Volksvergadering van die Geloftevolk van Suid-Afrika op 17 September 2016 te Orania.

Teokrasie teenoor Demokrasie volgens Bybelse beginsels.

1Sa 8:1 En toe Samuel oud was, het hy sy seuns as rigters oor Israel aangestel.
1Sa 8:2 Die naam van sy eersgeborene was Joël, en die naam van sy tweede Abía, rigters in Berséba.
1Sa 8:3 Maar sy seuns het nie in sy weë gewandel nie: hulle het onregverdige wins agternageloop en omkoopgeskenke aangeneem en die reg verdraai.
1Sa 8:4 Toe kom al die oudstes van Israel bymekaar, en hulle gaan na Samuel in Rama
1Sa 8:5 en sê vir hom: Kyk, u is oud, en u seuns wandel nie in u weë nie; stel nou 'n koning oor ons aan om ons te rig soos by al die nasies.
1Sa 8:6 Maar die woord was verkeerd in die oë van Samuel toe hulle gesê het: Gee ons 'n koning om ons te rig, en Samuel het tot JAHWEH gebid.
1Sa 8:7 Toe sê JAHWEH vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie.
1Sa 8:8 Soos al die werke wat hulle gedoen het, van dié dag af dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe, dat hulle My verlaat en ander gode gedien het—so doen hulle ook met jou.
1Sa 8:9 Luister dan nou na hulle: jy moet hulle net ernstig waarsku en hulle die reg van die koning meedeel wat oor hulle sal regeer.
1Sa 8:10 Samuel het toe al die woorde van JAHWEH oorgebring aan die volk wat 'n koning van hom gevra het.
1Sa 8:11 En hy het gesê: Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: Julle seuns sal hy neem en hulle vir homself aanstel by sy wa en by sy perde, dat hulle voor sy wa uit hardloop;
1Sa 8:12 en om hulle vir homself aan te stel as owerstes oor duisend en owerstes oor vyftig, en om sy land te ploeg en om sy oes in te samel, en om sy oorlogswapens en gereedskap vir sy strydwaens te maak.
1Sa 8:13 Ook julle dogters sal hy neem as salfmengsters en as kooksters en baksters.
1Sa 8:14 En van julle lande en julle wingerde en julle olyfboorde sal hy die beste neem en aan sy dienaars gee.
1Sa 8:15 En van julle saailande en julle wingerde sal hy die tiendes neem en dit aan sy hofdienaars en sy dienaars gee. Die tiendes wat aan JAHWEH behoort sal hy dus neem en vir homself aanwend
1Sa 8:16 En julle slawe en slavinne en julle beste jongmanne en julle esels sal hy neem en vir sy werk gebruik.
1Sa 8:17 Van julle kleinvee sal hy die tiendes neem, en self sal julle sy slawe wees.
1Sa 8:18 En in dié dag sal julle roep vanweë jul koning wat julle vir jul verkies het, en JHWH sal julle in dié dag nie verhoor nie.
1Sa 8:19 Maar die volk het geweier om na Samuel te luister en gesê: Nee, maar daar moet 'n koning oor ons wees,
1Sa 8:20 dat ons ook kan wees soos al die nasies—dat ons koning ons kan rig en voor ons uit trek en ons oorloë voer.
1Sa 8:21 En Samuel het al die woorde van die volk aangehoor en dit voor die ore van JHWHuitgespreek.
1Sa 8:22 Toe sê JHWH vir Samuel: Luister na hulle en stel 'n koning oor hulle aan. En Samuel het vir die manne van Israel gesê: Gaan heen, elkeen na sy stad.

En dan wil ek ook vir ons lees uit Deuternomium 17 vanaf vers 14

Deu 17:14 As jy kom in die land wat JHWH jou God jou sal gee, en dit in besit neem en daarin woon en dan sê: Ek wil 'n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is,
Deu 17:15 dan moet jy sekerlik 'n Koning oor jou aanstel wat JHWH jou God sal verkies; uit die midde van jou broers moet jy 'n koning oor jou aanstel; jy mag geen uitlander, wat jou broer nie is nie, oor jou aanstel nie.

MAW God sal self die koning aanstel en deur n demokratiese verkiesing nie!!

Wanneer ons gaan kyk na die begrip demokrasie, moet ons gaan kyk na die betekenis van die woord. Dit beteken dat die mens besluit en die minderheid sal by die meerderheidsbesluit berus.

Wat is demokrasie? Demokrasie is 'n stelsel van landsbestuur en regering — 'n wyse waarop 'n land regeer word. Die bekendste definisie van demokrasie is "regering deur die mense". Dit beteken basies dat die mense 'n mandaat (hulle toestemming) aan die regering gee om die land namens hulle te regeer. Deur hulle reg om te stem, word die mense die geleentheid gebied om in gereelde, vrye en regverdige verkiesings die politieke partye en politici te kies wat hulle in die regering sal verteenwoordig. Sodra die regering verkies word, het dit baie verantwoordelikhede. Dit is verantwoordelik vir die bestuur van hulpbronne soos grond, water en openbare dienste ten einde toe te sien dat daar in mense se basiese behoeftes voorsien word. Daar word van die mense verlang om aan die regering belasting te betaal en dié geld word gebruik om vir dienste soos basiese gesondheidsorg en die onderwys, maatskaplike toelaes en pensioene, paaie, behuising en water, ensovoorts te betaal. Presies net dit wat Samuel aan die volk gese het wat sal gebeur. Terwyl vrye en regverdige verkiesings 'n wesenlike deel uitmaak van die demokrasie, behels demokrasie meer as net die uitbring van 'n stem. Demokrasie bied ook aan burgers die geleentheid om op alle regeringsvlakke, naamlik die plaaslike, provinsiale en nasionale vlakke, deel te neem. Die deelname van burgers dra daartoe by dat verseker word dat verkose verteenwoordigers en amptenare aanspreeklik is vir hulle dade. Daar word van hulle verwag om eerlik en doeltreffend op te tree en om die beloftes wat hulle gedurende hul verkiesingveldtogte gemaak het, na te kom, en om oop en deursigtig te wees in hulle optrede. Beslis nie iets wat ons kan se wat huidiglik of ook vroeer gebeur het nie. Wanneer die meerderheid van die burgers vir die regering stem, gee hulle in der waarheid 'n mandaat aan die staat om wette namens hulle aan te neem en af te dwing. Indien die regering ongewild raak, kan die regerende party uitgestem word, hulle mag verloor en deur 'n opposieparty of koalisie van partye vervang word. Dit gebeur egter nie baie maklik nie.

Kom ons kyk bietjie na wat is die beginsels van demokrasie

1. Deelname Mense het 'n reg en plig om in verkiesings te stem en hulle by politieke partye en organisasies van die burgerlike samelewing aan te sluit.

2. Gelykheid Alle mense moet gelyk en sonder diskriminasie behandel word en daar moet gelyke geleenthede aan almal gebied word.

3. Verdraagsaamheid Elkeen, met inbegrip van minderheidsgroepe, moet toegelaat word om hulle menings uit te spreek en hulle aan te sluit by politieke, godsdiens- en burgerlikesamelewingsorganisasies van hulle eie keuse.

4. Aanspreeklikheid Die regering moet aanspreeklik wees teenoor die mense vir sy optrede, met inbegrip van die wette wat aangeneem word en hoe die wette toegepas word.

5. Deursigtigheid Die regering moet openlik en eerlik verslag doen—hy moet "deursigtig" wees (soos 'n venster) in sy omgang met die publiek.

6. Gereelde, vrye en regverdige verkiesings Verkiesings moet gereeld plaasvind en op 'n vrye en regverdige wyse, sonder intimidasie, korrupsie of dreigemente aan enige lid van die publiek.

7. Aanvaarding van die uitslae van verkiesings Wanneer 'n politieke party 'n verkiesing verloor, moet sy leiers en ondersteuners die uitslag van die verkiesing aanvaar.

8. Menseregte Die menseregte van individue en groepe moet beskerm word, soos uiteengesit in die Handves van Regte.

9. Oppergesag van die reg Die oppergesag van die reg beteken dat niemand bo die reg verhewe is nie, met inbegrip van die President of leier van die land.

10. Veelpartystelsel Meer as een politieke party moet toegelaat word om aan die verkiesings deel te neem en 'n rol in die regering te vervul.

Demokrasie: "'n Regering deur dié wat geregeer word"

> Ons hoor en lees dikwels die woord "demokrasie", maar hoeveel van ons besef werklik waar die begrip vandaan kom en wat dit alles behels? Hier is 'n interessante vertelling oor die ontwikkeling van volksregerings in die geskiedenis van die mens...

In die ou dae was die koning se woord wet. Met die swaai van 'n duim of die wys van 'n voorvinger kon hy enigeen van sy onderdane na die pynbank, galg of brandstapel stuur, of tot watter wrede straf of pyniging ook al verdoem.

In die Nuwe Testament lees ons byvoorbeeld hoe koning Herodes op die wens van 'n dansende meisie gereageer het deur haar die kop van die onthoofde Johannes die Doper in 'n skottel te laat kry.

As sulke regeerders gespreek het, moes die volk spring, teen wil en dank. "Die staat, dit is ek," sou Frankryk se sogenaamde Sonkoning, Lodewyk 15 XIV (1638–1715), nie so baie eeue gelede nie nog gesê het.

En in Afrika sou die Zoeloe-koning Shaka nog in die negentiende eeu so verpletter gewees het deur die dood van sy ma dat hy sy volk feitlik tot 'n hongerdood veroordeel het. Hy het naamlik vir die volle routyd, wat hy op 'n jaar vasgestel het, 'n verbod op landbou geplaas. Boonop het hy intimiteit

verbied en is swanger vroue saam met hul mans doodgemaak.

Eintlik het Shaka van die begin af met ’n ysterhand geregeer en die geringste teenkanting onmiddellik met die doodstraf beantwoord. Daar is vertel dat hy eenkeer 170 jong mans en vroue laat doodmaak het net omdat hy gedroom het dat hulle intiem verkeer het met sy“susters” (vroue wat die koning moes vermaak).

Lynreg teenoor hierdie tirannie of dwingelandy van die alleenheersers staan die praktyk van die moderne demokrasie—’n “regering van die volk, deur die volk, vir die volk,” soos die beroemde Amerikaanse president Abraham Lincoln (1809 –1865) dit gestel het.

In teorie beteken die moderne demokrasie dat die regeerders slegs regeer op grond van ’n mandaat wat hulle van die nasie ontvang het om dié in die regeringsgestoeltes te verteenwoordig.

En al is daar geen definisie van “die moderne demokrasie” wat oral ter wêreld aanvaar word nie, is daar twee beginsels wat in enige omskrywing daarvan vervat word:

- Al die lede van die gemeenskap het gelyke toegang tot mag.
- Al die lede van die gemeenskap geniet universeel aanvaarde vryhede.

DIE konsep van die demokrasie het in die Oudheid in onder meer Griekeland ontstaan—en die woord stam dan ook af van die Griekse woorde *dèmos* (“volk”) en *krateo* (“heers, regeer”). Maar daardie Griekse demokrasie van baie eeue gelede was nog lank nie ’n volksregering soos ons dit vandag ken nie.

Dit was weliswaar die ou Griekse filosoof Plato (nagenoeg 427 v.M. tot omstreeks 347 v.M.), wat die onderskeid getref het tussen *demokrasie*(met die stelsel van “heerskappy van hulle oor wie daar geheers word”) en die alternatiewe stelsels van *monargie* (heerskappy deur ’n enkeling), *oligargie* (regering deur ’n klein elite-klas) en *timokrasie* (’n staatsvorm waar burgers met ’n bepaalde vermoë die reg op staats- en ereampte het).

Dog in die “demokrasie” van byvoorbeeld die Griekse stadstaat Athene het gewone burgers poste in die regering en howe deur loting ontvang en kon slegs mans op burgerskap aanspraak maak, maar vroue en slawe glad nie. Daar was wel ’n soort volksraad wat die wette opgestel het en waarin al die burgers kon stem, maar van die ongeveer 250 000 Atheense inwoners het gemiddeld net sowat 30 000 burgerskap gehad, van wie miskien slegs 5000 gereeld die sittings van die volksraad sou bygewoon het. Die meeste offisiere en magistrate van die Atheense regering is deur loting aangewys. Slegs die generaals en ’n paar ander offisiere is verkies.

Selfs die ou Romeinse Republiek, wat tog 'n beduidende bydrae tot die ontwikkeling van demokratiese beginsels gelewer het, het nooit 'n demokrasie in die huidige sin van die woord geword nie. Verteenwoordigers is wel verkies, maar ook hier kon vroue, slawe en die groot getal vreemdelinge in die staat nie stem nie. Op die koop toe het die stemme van die rykes groter gewig gedra en het byna al die hoë amptenare, soos die lede van die senaat, uit 'n paar ryk en adellike families gekom.

In die Middeleeue is die meeste Europese gebiede deur geestelikes of feodale here bestuur. Ofskoon Engeland in 1265 sy eerste parlement gekry het, kon net 'n haas onbeduidende minderheid van die bevolking aanvanklik stem, terwyl die koning of koningin die parlement kon byeenroep net soos dit hom of haar behaag het—gewoonlik wanneer die monarg geld nodig gehad het.

Dit is egter veelseggend dat die Engelse parlement geleidelik meer mag gekry het tot die punt waar die koning(in) weinig meer as 'n simbool van die staatsgesag geword het. Vandag troon die Britse parlementsgebou oor die Teems in Londen as 'n kennelike bastion van die demokrasie.

Die moderne demokrasie is ook deur twee belangrike revolusies gevorm, te wete dié in Amerika en Frankryk. Die Amerikaanse Revolusie van 1775 tot 1783, toe dertien Britse kolonies daarin kon slaag om hulle van hul moederland los te maak, het meegehelp om die Franse volk tot verset aan te spoor teen hul onderdrukking deur die vorstehuis, die adel en hooggeplaaste geestelikes.

Op sy beurt het die Franse Revolusie(1789–1799), ondanks al die buitensporighede wat daarmee saamgegaan het, die begrippe vryheid en gelykheid regdeur Europa laat versprei. Die Westerse wêreld sou daarna nooit weer dieselfde wees nie.

In die twintigste eeu sou die diktature van Josef Stalin in die gewese Kommunistiese Sowjet-unie en Adolf Hitler in Nazi-Duitsland tot die verdere aansporing van mense oor die wêreld heen lei om die demokrasie met alle moontlike middele te koester. Die tragiese eksperiment metapartheid in Suid-Afrika—toe gepoog is om afsonderlike demokratiese state op grond van ras uit een land te kerf—het op sy beurt ons eie enkele nie-rassige demokrasie laat ontstaan wat lank nie meer die verstote muishond van die wêreld is nie.

Nie dat mense oral dink dat demokrasie die menseras die spreekwoordelike hemel op aarde waarborg nie. Daar is altyd probleme waar verkose verteenwoordigers nie in staat is om te lewer wat hulle in verkiesings belowe het nie. Die gewone kieser het ook dikwels min mag om regeerders uit die kussings te lig in die jare tussen algemene verkiesings. Om nie te praat nie van 'n militante regering soos dié van pres. Robert Mugabe in Zimbabwe wat botweg geweier het om die uitslag te aanvaar van 'n verkiesing waarin hy verslaan is.

DAAR is verskeie soorte moderne demokrasieë en verskillende waarnemers doen boonop nie dieselfde indelings daarvan nie. Soos een geleerde dit al gestel het: "Demokrasie is die mees gewaardeerde en ook die vaagste politieke term in die moderne wêreld." Dit is duidelik dat die woord net iets wesenliks begin raak

wanneer dit deur sekere ander politieke woorde voorafgegaan word—soos*regstreekse, verteenwoordigende* en*liberale.*

In *'n regstreekse demokrasie* neem die burgers direk deel aan die besluitneming, sonder om hulle op tussengangers of verteenwoordigers te verlaat. In 'n sekere sin sou 'n mens dit egter as onprakties moet beskou, buiten by klein gemeenskappe waar oor plaaslike sake besluit moet word. Elkeen in 'n land kan tog nie met 'n selfoon in die hand staan en die parlement opbel elke keer wanneer oor 'n wetsontwerp gestem moet word nie! Aan die ander kant verkondig die Marxiste 'n regstreekse demokrasie wat deur 'n stelsel van kommunes toegepas word.

In *'n verteenwoordigende demokrasie,* daarenteen, word regeringsamptenare gekies deur die mense wat hulle verteenwoordig. Die kandidaat wat die meeste stemme kry, word die verteenwoordiger van die mense in die betrokke kiesafdeling, of verteenwoordigers kan proporsioneel deur politieke partye aangestel word op grond van die persentasie stemme wat die verskillende partye ontvang het. 'n Kenmerk van verteenwoordigende demokrasie is dat, hoewel die verteenwoordigers deur die kiesers verkies word om hul belange te dien, hulle ook na goeddunke kan handel om dit op die beste manier te probeer doen.

'n *Liberale demokrasie* is 'n verteenwoordigende demokrasie waarin die vermoë van die verkose verteenwoordigers om besluite te neem onderworpe is aan oppergesag van die reg. Dit beteken dat besluitnemers hulle moet hou by die beginsels van natuurlike geregtigheid en nie mag maak en breek soos hulle wil nie. Indien hulle dit nie doen nie, kan die howe hul besluite ongedaan maak of hulle gelas om weer daaroor te besin. Kortom, regsoewereiniteit is die leer waarvolgens die gesag van die reg onafhanklik van dié van die staat bestaan.

Die beginsel van regsoewereiniteit word gewoonlik vervat in 'n grondwet waarin die regte en vryhede van individue benadruk word en beperkings geplaas word op die mate waarin leiers die wil van die meerderheid op minderhede kan afdwing.

Die onderhandelaars wat aan die einde van die apartheid die staatsmasjien vir die nuwe Suid-Afrika gemonteer het, het duidelik gesorg dat ons land só 'n liberale demokrasie kry.

As ons kyk na Teokrasie sien ons dat die woord ook uit twee afdelings bestaan eerstens Teos God en *krateo* ("heers, regeer") MAW God is in beheer. Hy is die een wat die besluite maak. Wanneer ons kyk na die tydperk wat dr Verwoerd aan bewind was, sien ons dat dit omtrent die eerste regering in die boervolk se tyd was, wat demokraties verkies was. Omdat ons op daardie stadium te sterk geword het vir die wereld en wereldheersers, moes hulle planne beraam om van dr Verwoerd ontslae te raak. Hy het hom nie laat rondstoot deur die buiteland nie en daarom was hy vir hulle n bedreiging. Hulle het verskeie planne beraam om hom uit die weg te ruim. En telkens het dit misluk. In elke demokratiese stelsel kom daar altyd die geleentheid wat mens op homself staatmaak en gou word die afhanklikheid van God vergeet. Ons ken die geskiedenis in die Bybel dat omtrent elke keer wat n Godvresende koning opgevolg word, dit n koning is wat nie wandel in die wee van die Vader nie. In n Teokratiese

bestel kan dit nie gebeur nie, want daar is nie n enkele mens wat alleen die besluite kan maak nie. Elke besluit word aan die Skrif gemeet en indien daar nie duidelike antwoord in die Skrif is nie, word Vader geraadpleeg om die besluit dan te bevestig.

Ook kan daar nie ongewenste elemente in die Raad inkom soos n Tsafendas nie want, elke aanstelling sal Teokraties deur die Lot aangewys word. Vader ken elke mens se hart en elke mens se bedoelings. So sal die regering van die dag dan suiwer kan bly en ALTYD in die wee van die Almagtige wandel.

Baie Dankie.